# Hoofstuk van die dag: Esra 10

> *Kom ons maak ’n plegtige onderneming teenoor ons God dat ons al dié vrouens en hulle kinders sal wegstuur. Laat ons doen wat u en dié wat vir die gebod van ons God eerbied het, ons aanraai in ooreenstemming met die wet. (vers 3)*

Vir ons vandag lyk hierdie voorstel van Sekanja baie drasties. Mense sal sê ’n God van liefde sal nie so-iets van sy kinders

verwag nie. Ek kan my die hartseer wat hierdie stap meegebring het vir die vroue en kinders (én die mans) wat nou uitmekaar geskeur word, indink.
Dit is egter so dat sonde, ongehoorsaamheid aan God en sy gebod, áltyd konsekwensies het en altyd hartseer en pyn bring. Dalk is die probleem met ons ongemaklikheid oor wat Esra-hulle hier doen, die feit dat ons nie meer so ernstig voel oor sonde nie. Soos die Franse filosoof Voltaire al gesê het: "God sal vergewe. Dit is sy werk."
As jy God bo alles liefhet (Matt 22:37) sal sy gebod by jou die hoogste prioriteit hê. Dit het Jesus in Matt 10:37 in soveel woorde uitgespel. Daarom is dit beter om jou van die begin af deur God se gebod te laat bind, sodat jy nie in die aaklige strik van die sonde val nie.

*Naskrif*: Môre gaan ons voort met Psalms. Ps 141 kom aan die beurt.

© Bybelkoerant 2018 – 2026